# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAATEKSAMEN*

## OCTOBER / NOVEMBER
## *OKTOBER / NOVEMBER*

## 2004

## AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

**(Tweede Vraestel: Poësie en Prosa)**

LG **102-3/2**

**14 bladsye**

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL LG: Vraestel 2

102 3 2 LG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

## GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL LG**
**(Tweede Vraestel: Poësie en Prosa)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings (Afdelings A en B).
- Beantwoord AL die vrae in beide afdelings.
- Nommer jou antwoorde net soos dit in die vraestel genommer is, maar skryf jou vraagnommers in die MIDDEL van die bladsy neer.
- Skryf asseblief netjies en leesbaar.

---

# AFDELING A

## POëSIE

### VRAAG 1

Lees die volgende gedig goed deur en beantwoord die vrae daaroor gestel.

**"*last grave at dimbaza*"**

beauty douglas was born
op 'n winternag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a 'n dogter oplaas 'n dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om 'n vader te is te is

die ma het 'n briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op 'n winternag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

sy hart het opgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in 'n laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief.

hy't sy brief gepos met sy viersentseël
'n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy't haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maande later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

"beauty douglas was born
she died"

***deur Fanie Olivier***

1.1 Hoe weet jy dat beauty douglas in die nag gebore is? Skryf TWEE voorbeelde neer wat dit vir jou sê. (2)

1.2 Skryf die versreël neer wat vir jou sê dat almal bly was dat die baba 'n dogtertjie was. (1)

1.3 Waarom was 'n dogter vir haar ma en pa so belangrik? Kies die regte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer.

A. Die ouers het net seuns gehad.
B. Wanneer 'n dogter eendag trou, moet die man vir haar ouers beeste gee.
C. 'n Dogter kan eendag vir haar familie lekker kos kook. (1)

1.4 Waar het beauty douglas se pa gewerk? (1)

1.5 beauty douglas se ma het vir haar pa 'n brief geskryf. Watter TWEE dinge het sy vir hom in die brief genoem? (2)

1.6 Die pa het daarna ook 'n brief aan die ma geskryf. Wat het hy vir haar in die brief gesê? Soek die antwoord tussen reëls 20 en 24. (1)

1.7 Hoe weet jy dat die pa baie na sy dogtertjie verlang het? Soek die antwoord tussen reëls 30 en 33. (1)

1.8 Watter hartseernuus het die pa twee maande later gekry? (1)
**[10]**

**EN**

## VRAAG 2

Lees die volgende gedig goed deur en beantwoord die vrae daaroor gestel.

***EK IS OEK IMPORTANT***

As al julle geldgatte
julle geld gespendit,
en julle bananaskille
innie slooitjie gegooi het,
en julle bustikkits
soes confetti gestrooi het,
en julle staain en cool drinks
opgedrink het,
en julle borrels en blikkies
in 'n gangetjie gesit het,
en julle visgraatbolle
en vrot vrugte
en stukkene boksies
en papiere
rondgegooi het ...

dan kom ek
en maakie wêreld weer skoon:
soe,
ek is oek important

***deur Peter Snyders***

2.1 Kies die regte antwoord en skryf A, B of C langs die vraagnommer neer. Die "important" persoon van wie ons in die gedig lees, is

A. 'n straatveër.
B. iemand wat die wêreld skoonmaak.
C iemand wat afval verwyder. (1)

2.2 Wie is die "geldgatte"? (reël 1) (1)

2.3 Hoe verskil die verteller in hierdie gedig van die "geldgatte" in strofe 1? (1)

2.4 Sê in jou eie woorde wat die verteller van homself dink aan die einde van die gedig. (1)

2.5 Skryf 'n woord uit die gedig neer wat dieselfde beteken as om geld uit te gee. (1)

2.6 Skryf EEN woord uit die gedig neer wat dieselfde as *rondgegooi* beteken. (1)

2.7 Sê in jou eie woorde waar die mense die piesangskille weggegooi het. (2)

2.8 Waar word confetti gewoonlik gestrooi? Kies die regte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer:

A. Op 'n koek
B. In die straat
C By 'n troue (1)

2.9 Waar sit die mense wat wyn of koeldrank gedrink het hulle leë houers neer? (2)

2.10 Wie is die **ek** in reël 16? (1)
**[12]**

**EN**

**VRAAG 3**

Lees die volgende gedig goed deur en beantwoord die vrae daaroor gestel.

***Sprokie vir 'n stadskind***

As die reën van stof en roet verby is
en die rook verdwyn,
sal daar in die sterrelose hemel
'n neonboog verskyn.

En kyk maar goed, want as jy hom vind,
vertel ek vir jou 'n sprokie, my kind,
van 'n skatkis, met ou kettings gebind,
aan die neonboog se punt,

Volg hom elke nag oor swart riviere,
oor kranse van beton;
as jy aanhou stap, tienduisend ure,
sal jy dalk daar kom.

Maar hier moet jy jou nimmer laat bind,
want, so lui die ou-ou sprokie, my kind:
As jy geluk en vreugde wil vind,
soek die neonboog se punt.

Volg hom elke nag oor swart riviere;-
kyk nie één maal om.
Dalk vind jy die land van blou saffiere ...
en dalk 'n brokkie son.

***deur Koos du Plessis***

3.1 Skryf DRIE dinge uit die gedig neer wat veroorsaak dat die reën wat in die stad val nie skoon is nie. (3)

3.2 Waarom, dink jy, sal daar 'n neonboog in die lug verskyn en nie 'n reënboog nie? Kies die regte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer.

A. 'n Reënboog kan nie in 'n stad gesien word nie.
B. Die reën is vol stof en roet en daarom kan die reënboog nie verskyn nie.
C. In 'n stad brand baie gekleurde neonligte. (1)

3.3 Wat kan volgens die sprokie aan die voet van 'n reënboog gevind word? Kies die regte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer.

A. Swart riviere
B. 'n Pot goud
C. Ou kettings (1)

3.4 Wat, sê die digter, kan aan voet van die neonboog gevind word? (1)

3.5 Wat, dink jy, is die **swart riviere** in reël 9 regtig? (1)

3.6 Wat, dink jy, is die **kranse van beton** in reël 10 regtig? (1)
**[8]**

**EN**

## VRAAG 4

Lees die volgende gedig goed deur en beantwoord die vrae daaroor gestel.

**Die dans van die reën**
***Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn***

O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies.

En van ver af wink sy met die een hand;
haar armbande blink en haar krale skitter;
saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.

Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

En haar krale skud,
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

***deur Eugène N. Marais***

4.1 Kies elke keer die regte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer.

4.1.1 'n Mens vier **bruilof** (reël 9) as iemand ...

A. 'n baba doop.
B. verjaar.
C. trou. (1)

4.1.2 Die **berggier** (reël 20) is 'n tipe ...

A. roofvoël.
B. blom.
C. insek. (1)

4.1.3 Ons kan uit die woord **vuur** (reël 20) aflei dat die *pluim* ...

A. blou is.
B. rooi is.
C. swart is. (1)

4.1.4 Jan Konterdans, wat in die subtitel genoem word, woon ...

A. in die stad.
B. in die berge.
C. in die woestyn. (1)

4.1.5 Die **karos** wat in reël 22 genoem word, is 'n ...

A. kierie.
B. sambreel.
C. kombers van diervel. (1)

4.2 Watter tipe musiekinstrument bespeel Jan Konterdans? (1)

4.3 Wie is die **Suster** in hierdie gedig? (1)

4.4 Wat doen die **kleinvolk** om die reën te verwelkom? (1)

4.5 Waarom **rek** die grootwild hulle neusgate in reël 12? (1)

4.6 Wat is die **fyn spore** wat in reël 14 genoem word? (1)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

# AFDELING B

## PROSA

***KINDERS VAN DIE AARDE*** **- Charles Fryer**

## VRAAG 5

Lees die teksfragment en beantwoord die vrae gestel.

***My broer se kraai*** **– Chris Barnard**

My broer had 'n kraai wat hy een oggend vroeg ná die reën in die veld opgetel het. Aan sy vere en sy bek kon ons sien dis 'n baie jong voël wat maar pas uit die nes gekom het. Sy een vlerk het in die storm seergekry en hy was honger en half verkluim en kon glad nie vlieg nie. Maar hy kon byt. Daardie jong snawel van hom was venynig.

My broer het die kraai in 'n kartondoos gesit en met oorskiethout en stukkies draad vir hom 'n hok gemaak. Die middag was die kraai in sy hok. Maar dit het drie dae se geduld gekos om hom iets te laat eet. Hy was bang vir ons en hy het nie van die hok gehou nie.

Na 'n week het hy in die hok begin rondstap en kort-kort sy vlerke gelig. Na twee weke was die kraai gesonder en kwaaier as ooit. Hy het op en af gestap en die draad gepik, gepik, al geniepsiger, en met sy vlerke teen die draad geklap dat die vere so waai.

My broer se kraai was die duiwel in.

*******************************************

Die kraai het kordaat in sy hok gesit – en weer gelag toe hy my broer sien. Maar dit was eers toe ek daardie stywe stappie van hom sien dat ek seker geweet het dis dieselfde kraai.

5.1 Wat beteken dit as die kraai **die duiwel in** was? Kies die korrekte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die antwoordnommer neer.

A. Die kraai was baie kwaad gewees.
B. Die kraai het soos die duiwel gelyk.
C. Die kraai gaan duiwel toe omdat hy so stout was. (1)

5.2 Waar het die verteller se broer die kraai opgetel? (1)

5.3 Gee TWEE feite oor hoe die kraai gelyk het toe hy die eerste keer gekry is. (2)

5.4 Waarvan het die broer 'n hok vir die kraai gemaak? (2)

5.5 Hoe lank het dit die kraai geneem om gesond te word? (1)

5.6 Wat beteken die woord **venynig** as hy sê: "*Hy was nog net so venynig soos altyd.*"? Kies die korrekte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer.

A. Lelik
B. Honger
C. Aggressief (1)

5.7 Watter geluid het die kraai gemaak wat die mense altyd van ver af kon hoor? (1)

5.8 Na hoeveel dae het die kraai weer teruggekom nadat die broer hom vrygelaat het? (1)

5.9 Waar was die kraai toe die verteller en sy broer gelyktydig in die agterplaas gekom het? (1)

5.10 Wanneer het die verteller geweet dat dit dieselfde kraai was? (1)

5.11 As die verteller aan die einde van die verhaal sê dat die kraai van daardie Woensdag af sy broer s'n was, dink jy dat die kraai weer weggegaan het of het hy toe by die broer gebly? (1)
**[13]**

**EN**

## VRAAG 6

Lees die teksfragment en beantwoord die vrae gestel.

***Rooikoos Willemse is soek*** **- Abraham H. de Vries**

Tussen die Swartberge en die see lê daar meer stories rond as klippe en bokspore. En die ergste is dat die meeste van die stories wáár is. Vra maar vir my, ek kom van daardie wêreld af. En my een swak puntjie – nuuskierigheid – is oersterk.

Rooikoos Willemse dié had ook so 'n swak puntjie. Haai, en hy was so 'n goeie man as hy nugter was, maar nugter was hy bloedmin vóór daardie Saterdag waarop die storie begin.

Hoekom hy aan die drink geraak het, het g'n mens geweet nie, miskien omdat g'n mens dit gemerk het voordat dit al taamlik ver boom se kant toe gestaan het met hom nie. Maar ewentewil, toe Barrydale se eerste span daardie Saterdag op my dorp kom speel, toe was Rooikoos Willemse al by dié stadium waarop mens sou kon sê die tier lê hom vas en hy skop nie eens meer nie; die melk loop sommer maar net in sy mond in!

Rooikoos Willemse was 'n groot en 'n sterk man, nou sommer donker sterk, en as 'n mens hom so van agter af sien wegloop het, het hy meestal gelyk soos 'n groot jongkalf wat nou net uit die dipbak uitwaggel.

6.1 Waarvoor is die gebied tussen die Swartberge en die see bekend? (1)

6.2 Wat is die ergste van die meeste stories wat vertel word? (1)

b.o.

6.3 Watter swak puntjie het die verteller as dit by stories kom? (1)

6.4 Watter swak puntjie het Rooikoos Willemse gehad? (1)

6.5 Skryf EEN woord tussen reëls 1 en 3 neer wat vir jou sê hoe erg die verteller se belangstelling in stories is. (1)

6.6 Skryf EEN woord uit die teksfragment neer wat vir jou sê dat Rooikoos Willemse maar min kere nugter was voor daardie Saterdag. (1)

6.7 Kies die regte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer. Met **voordat dit al taamlik ver boom se kant toe gestaan het** (reël 7), word bedoel dat Rooikoos al ....

A. baie in 'n boom geklim het.
B. na 'n mooi boom gesoek het.
C. erg dronk was. (1)

6.8 Kies die regte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer. ... **die melk loop sommer maar net in sy mond in** ... (reël 10) beteken ...

A. hy het al so baie gedrink dat hy nie meer weet wanneer om op te hou nie.
B. hy hou vreeslik baie van melk.
C. hy het al so baie gedrink dat hy nou maar liewer melk drink. (1)

6.9 Watter groot gebeurtenis sou daardie Saterdag plaasvind? (2)

6.10 Op watter stadium (reël 9) was Rooikoos Willemse toe die bure se eerste rugbyspan daar opgedaag het. Vertel dit oor in jou eie woorde. (2)

6.11 Skryf VIER opeenvolgende woorde uit die teks neer wat vir jou sê dat Rooikoos Willemse baie sterk was. (1)

6.12 Waarmee word Rooikoos Willemse in die teks vergelyk? (2)
**[15]**

**EN**

## VRAAG 7

Lees die teksfragment en beantwoord die vrae gestel.

***Die wedloop* – Pirow Bekker**

"Hoe lyk dit, Salmon? Jy is mos nie bang nie, is jy? My geld is op jou. Het jy jou lyf vetgesmeer? Vandag gaan jy hulle droog hardloop."

Die groot hand van die atletiekonderwyser klap my teen die bo-arm.

"Nee, Meneer. Ja, Meneer." Die ou vrae.

Hier binne is ek hoendervleis. Die afgelope jaar al vrees ek vandag. Maar ek het niks gesê nie. Ek het geweet wat almal van my verwag. Maar diep-in het ek die hele tyd gehoop dat daar iets gebeur wat sal verhoed dat ek en Vis Pieterse vandag langs mekaar op die lyn gaan sak.

Sedert verlede jaar se botsing tussen die twee skole is ek bang vir hierdie dag. Maar ek het geweet dat hy sou kom. Toe die opdrukkery met vanjaar se oefening ... Ek het geweet dis onvermydelik.

Tensy iets gebeur wat in die normale loop van sake sou ingryp.

7.1 Verduidelik wat die woorde **my geld is op jou** (reël 1) beteken. Kies die regte antwoord en skryf dan slegs A, B of C langs die vraagnommer neer.

A. Hy verwed geld op hom dat hy sal wen.
B. Hy sit geld op sy kop neer.
C. Hy wil vir hom geld gee as hy wen. (1)

7.2 Skryf EEN woord uit reël 1 tot 3 neer wat dieselfde betekenis het as die woord **vrees** in reël 5. (1)

7.3 Kies elke keer die regte antwoord en skryf dan slegs A, B of C langs die vraagnommer neer.

7.3.1 Salmon is **hoendervleis** in reël 5 omdat hy ...

A. koud kry.
B. nie genoeg opgewarm het nie.
C. bang is om deel te neem. (1)

7.3.2 Die item wat in reël 7 – 8 gaan plaasvind, is die ...

A. 100 meter.
B. hoogspring
C. 800 meter. (1)

7.4 Skryf die naam en van neer van die **hy** waaraan Salmon in reël 10 dink. (2)

7.5 Watter TWEE skole gaan hier teen mekaar deelneem? (2)

7.6 Onder watter ouderdomsgroep het Salmon en sy opponent deelgeneem? (1)

7.7 Wie het die hoogspring-item tydens die byeenkoms waarvan daar in hierdie teks gepraat word, gewen? (1)

7.8 Salmon dink in reëls 6 en 7 dat hy die hele tyd gehoop het dat daar iets gebeur wat sal keer dat die wedloop sal plaasvind.

7.8.1 Wat stel Salmon se teenstander voor moet hulle by sy huis gaan speel? (1)

7.8.2 Wat het gebeur dat Salmon beseer word? (1)
**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**